Sport Bl 4,5,7 en 8

Matriekafskeid Bl.8

# Die Arend

Like us on Facebook

FOLLOW US ON Instagram

Rugby Bl : 3 , 7 en 8

Augustus—Desember 2018

Kultuur Bl 6


# 10 uit 10—Hoofleiers 2019

Duané Kitching

"Om die lewe van jou drome te leef, begin vandag- op elke manier wat jy kan."- Dit is 'n aanhaling van Mike Dooley, skrywer, motiveringspreker en entrepreneur van die New York Times. In Augustus 2018 het tien leerders se wildste drome in 'n realiteit verander toe die hoofleiers van 2019 aangekondig is. Ilan Wentzel, onderhoofmesie van Sosiaal het die volgende raad vir die leerlingraad van 2019: "Geniet elke oomblik saam met die res van die matrieks! MATRIEK – Dis werklik die beste tyd!" Die onderhoofdogters is: Noëlene Swanepoel, Calista Clark, Vinette Joubert en Simoné Bence. Die onderhoofseuns is: Reon Jordaan, Emile Welgemoed , Jason Gregory en Dian Coetzee. Die hoofdogter is Bernice Swartz al die pad van Heidelberg en die hoofseun, 'n trotse inwoner van Boksburg, Franco Enslin.

Ek het elkeen van die hoofleiers gevra wat is hulle droom vir EG Jansen in 2019. Hier volg hul drome...

**Dian se droom (Sosiaal) :** " Respek moet gehandhaaf word sonder om dit af te dwing. want deur respek te toon aan mede Jansies is 'n teken goeie Jansenwaardes. Elke Jansie moet soveel trots hê vir Jansen dat niemand jou hoef te vra om jou baadjie te dra nie - leef vir Jansen en laastens maar nie die minste nie vir Jesus. Ek sal graag tradisies wil terugbring soos die Jansieraadstok. Ek voel dit is 'n eer om vir vyf jaar lank in Jansen te wees en dat die kloklui - seremonie met respek hanteer moet word. My persoonlike droom is dat daar massas van Jansen se leerders sal opdaag by alle geleenthede hetsy dit sport of kultuur is sodat ons die Jansen Magic kan terugbring."

**Calista Clark (Sosiaal) :** " Ek wil Jansen 'n nog meer Christelike plek maak as wat hy reeds is. Ek wil die negatiwiteit verwyder en die skool 'n beter plek maak. Ek wil hê die jong kuikens moet besef hulle is by die huis as hulle na ons skool toe kom. My droom vir Jansen is dat die skool altyd die wonderlike plek met al sy herinnering sal bly wat ek saam met my kan dra tot die einde toe."

**Reon Jordaan (Akademie) :** " My droom vir EG is dat die skool sy volle potensiaal kan bereik en dat almal weet dat hulle 'n rol en doel het in die skool. Ek wens ook dat almal

kan saam werk as 'n eenheid."

Noëlene se droom (Akademie) ... "My droom vir Jansen is om dit 'n plek te maak met 'n verwelkomende atmosfeer en ons naam hoër te vat as wat dit nou is, met die hulp van my medeleiers en natuurlik die leerders. Ek wil die leerders motiveer om akademies beter te wil presteer en altyd die beste persoon te wees wat hulle kan wees."

**Jason se droom (Sport) :** " My droom vir Jansen is dat dit 'n skool sal wees wie se naam vraagtekens op mense se gesigte bring. 'n Skool wie se naam op mense se lippe sal wees. 'n Skool waaroor die media gaande sal wees. Die skool wat presteer op alle vlakke, ongeag of dit sport, kultuur of akademie is. 'n Skool met trots en opregtheid. 'n Plek waarnatoe ek my kinders sal wil stuur. Die skool waarnatoe ek eendag wil terugkom vir groot geleenthede. Die skool waarvan ek my kleinkinders sal wil vertel. My droom vir Jansen is om absoluut tot die beste van ons vermoë te presteer en die beste weergawe te wees van ons skool."

**Simoné se droom (Sport) :** "Jansen is letterlik my huis...

My droom is dat Jansen 'n plek sal wees waar leerders gemaklik en tuis sal voel, 'n plek waar ons mekaar sal ondersteun. Ek wil hê dat ons terselfdetyd trots moet wees. My droom is dat Jansen sterker sal staan as ooit en nooit val nie. My droom is dat Jansen om die die Woord sal staan en hulle krag van God af sal kry. Jesaja 40;31 – "Die wat op die Here vertrou, kry nuwe krag. Hulle vlieg met Arendsvlerke, hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle loop en raak nie afgemat nie."

**Emile se droom (Kultuur) :** " Ek wil vir mense buite Jansen wys dat Eg Jansen 'n skool met STERK tradisies is. 'n Skool is met kinders wat uitstaande presteer . 'n Skool met die beste leerders en mense. Ek wil skool graag lekker maak vir alle leerlinge deur verskillende projekte te begin soos 'n funday waar almal net 'n bietjie uit die besige samelewing kan ontsnap en ontspan."

**Vinette se droom (Kultuur) :** " Ek wil nie net dissipline en gees terugbring nie, maar ook die skool 'n awesome plek maak vir OU, NUWE en BESTAANDE leerlinge. Ek wil geluk sien op élke kind se gesig wanneer die skool iets spesiaals reël. Omdat die Jansieraad van 2019


gees en dissipline gaan terugbring weet ek dat skool lekker gaan wees vir kinders. Ek droom dat EG vir almal 'n tyd sal wees wat hulle vir altyd sal onthou."

**Franco se droom (Hoofseun) :** " Met 'n hoofseun as broer, Estian Enslin, het ek geleer om na hom op te kyk nie net omdat hy my broer is nie, maar vir die mens wie hy is. Deur elke dag iets nuut te leer by hom en by my ouers is dit my droom om vir Jansen ook elke dag iets nuut te leer en om die titel 'hoofseun' waardig te wees. Ek wil die skool in 'n beter posisie los as wat ek hom gekry het deur ou tradisies terug te bring en die wat reeds gebruik word voort te laat leef... Ek wil graag ons leuse - **ONS SAL HANDHAAF** - 'n realiteit maak. Die leuse beteken vir my dat jy moet doen wat van jou verwag word wanneer dit van jou verwag word, maak nie saak hoe moeilik dit is nie. My grootste droom is dat ander mense Jansen moet respekteer op alle gebiede nie - net rugby nie."

**Bernice se droom (Hoofdogter) :** " My droom begin by die matrieks van 2019. My missie is om 'n eenheid onder die Matrieks te verkry, want saam is ons sterker. As ons as 'n eenheid funksionee,r kan die matrieks 'n goeie voorbeeld vir die res van die skool stel,respek verdien en EG Jansen se naam hoog dra. Ek droom dat die matrieks voorstaanders van goeie gees sal wees en die hele skool sal motiveer om betrokke en positief te wees. Natuurlik sluit my droom die nuwelinge ook in. Wat 'n voorreg is dit nie om deel te hê aan die vorming en beginfase van die graad 8 - kuikens se lewens nie. Dis belangrik dat die hele skool op diesefde bladsy is oor die Jansen - "Voedselketting". Ons wil die nuwelinge ons Jansenwaardes, -respek en -trots leer. Ek droom dat die skool - die onderwysers, vir my en my mede leiers met respek sal hanteer en dat die skool sal inkoop op ons idees en projekte. Laastens is dit vir my belangrik om 'n gevoel van trots en positiewiteit onder die kinders te kweek wat die kinders se betrokkenheid op alle vlakke sal verhoog wat die dae by Jansen "great" sal maak."

'n Verwerkte weergawe van Mike Dooley se woorde - Om jou drome uit te leef vir Jansen, begin vandag- op elke manier wat jy kan en maak van Jansen 'n beter skool deur jou beste te gee. Dit begin by jou! WEES JY DIE VERANDERING!!


Dian Coetzee



Calsita Clark


Reon Jordaan


Noëlene Swanepoel


Jason Gregory


Simonê Bence


Emile Welgemoed


Vinette Joubert


Franco Enslin


Bernice Swarts

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Met die jaar wat so vinnig tot 'n einde kom, is dit vir my aangenaam om elke leerling, ouer, en onderwyser te bedank vir hulle lojale ondersteuning en harde werk gedurende die jaar. Dankie ook aan die Beheerliggaam vir die rol wat hulle gespeel het.

Sterkte aan elke matrikulant wat die volwasse –wêreld gaan betree. Mag al julle drome waar word.

Ons wil alle eer aan die Hemelse Vader gee vir die seën wat ons hierdie jaar so mildelik ontvang het. Ek wens vir elke Jansie, u as ouers en die onderwysers 'n baie aangename feestyd toe.Mag u 'n ware Christusfees ervaar.


As u die vakansie op reis is, wens ek u 'n aangename en veilige rit toe en vertrou dat die Here u veilig sal bewaar. Mag u dan ook oor hierdie feestyd heerlik uitrus.
Ons sien uit na die jaar 2019 met al sy uitdagings en vooruitsigte.

Groete
Leon de Beer



## Ons groet 'n ware omgee – mens!

Nicole Dembskey



Met groot hartseer sê ons totsiens aan Jansen se geliefde Wiskunde onnie, juffrou Magda Slabbert.

Juffrou Slabbert gee al een en veertig jaar lank skool waarvan sy sewe en twintig jaar by E.G. Jansen deurgebring het. Sy sê Wiskunde is haar passie en dat sy nog altyd net Wiskunde wou gee. Sy sê dat sy en haar man nog nie veel beplan het vir haar aftrede nie, maar beoog om baie tyd saam met hul kleinkinders deur te bring. Sy het genoem dat hulle baie met vakansie wil gaan (al weet ons almal dat aftrede maar soos permanente vakansie is). Juffrou Slabbert sê dat sy dit baie geniet het om skool te gee en dat sy baie van kinders hou.

**Interessante feite oor Juffrou Slabbert:** toe sy op skool was het sy aanvanklik 'n mediese rigting oorweeg, maar wou nooit 'n dokter word nie. Haar eerste keuse was steeds onderwys en sy sê dat sy dit vreeslik geniet het. Onder andere geniet sy ook haar toebroodjie pouse waar sy kan asem skep. Sy glo dat om te sê hoe jy voel belangrik is. Juffrou Slabbert se gunsteling akteur is Richard Gere en aktrise is, Sandra Bullock.

Juffrou Slabbert het drie hoogtepunte wat vir haar uitstaan in die tyd wat sy by Jansen was; die dae wat sy hokkie afgerig het, goeie Wiskunde - uitslae en die 17 Kwalata Kampe waarvan sy deel was.

Juffrou Slabbert was ook baie betrokke by die Jansieraad en elke jaar se graad 8 - groep. Juffrou Slabbert se waardevolle leuse is dat as jy speel, speel jy, en as jy werk, werk jy. "Daar is 'n tyd en 'n plek vir alles" sê juffrou.

Ons het vir juffrou Slabbert gevra wat haar eerste gedagte is as sy aan Jansen dink en sy antwoord met die woorde: "Dis mý skool". Sy sê dat daar iets is wat sy graag wil nalaat aan Jansen se huidige en toekomstige leerders en dit is om altyd Jansen se waardes te onthou en dit na te kom. Sy sluit af met die volgende: "Gister is vir altyd verby, leef vir nou en beplan vir die toekoms".

Ons allerbeste wense vergesel haar en ons dank haar vir haar bydrae, lojaliteit, opoffering en leiding deur die sewe en twintig jaar wat sy as Wiskunde onderwyser opgetree het. Ons sal haar mis, veral ook omdat sy 'n ware omgee onderwyser was.







## JANSIERAAD 2018 – PROJEK

Mev. M. Scholtz

Personeel – komittee Voorsitter

Die JANSIERAAD van 2018 het dit op hulle geneem om die personeelkamer op te gradeer en die personeel te bederf met 'n nuwe hempie elk.


Hulle het 'n NOOT vir NOOTAAND as fondsinsameling gehou om die projek 'n werklikheid te maak.Met die aand is

R43 000 00 ingesamel. Baie dankie aan elkeen se bydrae.

Die opgradeer het die volgende ingesluit: nuwe teëls, 2 stelle tafeldoeke, glasblaaie vir die tafels en plantjies vir elke tafel.

Natuurlik was die personeel gaande oor hulle nuwe hempies ook.

Baie dankie aan die JANSIERAAD 2018. Dit word opreg waardeer. Jansen - Personeel





## JANSIE 101

Erin Patience

2018 was omtrent 'n warrelwind jaar vir Jansen. Ons was bevoorreg om op Kyknet se "Skole Top 10" te verskyn. Alhoewel die skool op talle terreine floreer en graag behulpsaam is in die gemeenskap – wil ons graag die volgende weet?

HOE HET DIT MET JOU GEGAAN IN 2018?

Was 2018 vir jou 'n goeie of aaklige jaar?

Hier volg 'n paar Jansie - wenke om jou jaar 'n goeie jaar te maak:

Mense sal altyd iets te sê hê – dis jou besluit of jy daarna gaan luister of nie.Moenie bang wees vir nuwe uitdagings nie – gryp hierdie geleenthede met albei hande aan.

Geniet elke dag voluit – positiwiteit is die beste motiveerder.

Vriende kom en gaan – moenie aan iets vasklou wat reeds verlore is nie.

Aanvaar jouself en wees lief vir jouself.

# Die Jansen-familie word net beter en beter!

E.G. Jansen wil graag vir juffrou Mirinda du Plooy verwelkom vanaf Hoërskool Die Anker. Sy is sedert 1995 in die onderwys.

Sy sou ook vir 2 jaar gaan skoolhou het in Kurdistan, Irak, maar is as gevolg van oorlogsgeweld daar teruggestuur na Suid-Afrika.

Sy glo dat E.G. Jansen die beste Afrikaanse Hoërskool in Gauteng is. Haar motto is: "All work and no play, makes Jack a dull boy. Dit is vir my baie belangrik dat kinders ook sosiaal ontwikkel. 'n Gesonde brein kan net werklik gekweek word as daar 'n gesonde gees is. 'n Skool met gees is 'n trotse skool en blink dan uit op alle terreine."



Baie welkom terug aan Reghardt Botha - 'n ou bekende. Hy is aangestel as E.G. Jansen se nuwe sportdirekteur.

Kort Geskiedenis:

Reghardt was 12 jaar betrokke by E.G. Jansen voordat hy vir 2 jaar by Hoërskool Menlopark aangesluit het. Reghardt is ook afrigter van die Tuks eerstespan en het vir 10 jaar die Brakpan Rugbyklub se eerstespan afgerig. Hy was ook vir 3 jaar betrokke as afrigter by die Cravenweek.

Reghardt glo in E.G. Jansen. "Dit is 'n "great" skool! Ek wil weer help om die tradisie en trots van die skool uit te bou"



**Dirk Odendaal - Kondisionerings-afrigter en Sportwetenskaple.**

**Baie welkom aan Dirk Odendaal. Hy gaan die rugbyspelers help om hulle doelwitte te bereik. Hy glo dat 'hy n verskil kan maak in elke rugbyspeler se lewe deur hulle te leer om ander bo hulleself te stel en hard te werk vir wat jy in die lewe wil bereik.**

**Dirk was ook al voorheen betrokke by E.G. Jansen en het ook rugbyspelers gehelp in skole soos Marais Viljoen en Menlopark.**



E.G. Jansen wil graag vir Rudi Dames, ons nuwe rugbydirekteur, verwelkom.

Rudi was vir 12 jaar betrokke by Glenwood High School en daarna vir 2 jaar by Pretoria Boys High. Hy was verder ook betrokke by die Sharks O/21-span se afrigting en is tans betrokke by TUKS se eerstespan afritgting. Hy het ook vir 3 jaar lank afrigting gegee vir die Sharks Cravenweekspelers.

Rudi is ook een van min afrigters in Suid-Afrika wat 'n vlak IRB-3 rugbyafrigter opleiding het.

Rudi het die volgende doelwitte vir sy rugbyspanne: "Ek wil hê die rugbyspelers moet 'n voorbeeld stel en goeie rolmodelle wees." Hy glo verder dat dissipline baie belangrik is en hy is hier om 'n verskil in die spelers se lewens te maak.



# Jansies blink uit tydens Prysuitdeling!

Die Jansies het weereens gewys waartoe hulle instaat is! Al die Jansie talent regdeur die jaar is vereer by prysuitdeling wat 17 en 18 Oktober 2018 plaasgevind het. Ons verhoog was vol opgewonde leerders reg om die trofeës te ontvang waarvoor hulle so hard gewerk het en die saal was propvol trotse ouers. Die eerste aand was dit die junior prysuitreling vir graad 8 en 9.
Die volgende leerlinge het top toekennIgs ontvang :

**Die Top Toekennings:**

- Akademie Graad 8 :Toppresteerder-Shenise van der Walt
- Akademie Graad 9 :Toppresteerer-Desire Labuschagne
- Junior Sportvrou: Anke Swanepoel
- Junior Sportman: Jaques Steyn
- Junior Kultuurdogter: Joanique du Toit en Vianette de Kock
- Junior Kultuurseun: Jayden Roux
- Veelsydigste Juniordogter: Kime Steenkamp

Veelsydigste Juniorseun: Jaques Steyn

**Seniors graad 10-12**



Die Top Toekennings:

- Mauritz Lottering:Veelsydigste Senior Seun op Kultuurgebied.
- Duané Kitching:Veelsydigste Senior Dogter op Kultuurgebied.
- Dylan Schwartz: Senior Sportman vir Topprestasie
- Jaqueline Louwrens: Senior Sportvrou vir Topprestasie
- Jason Edwards: Senior Veelsydigste Sportman
- Simone Bence: Senior Veelsydigste Sportvrou
- Bernice Swartz: Algeheel Veelsydigste Senior Dogter

Reon Jordaan: Algeheel Veelsydigste Senior Seun

Spesiale geluk aan:
Die beste Gr 12 - leerling wat aan die Universiteit van Pretoria gaan studeer, toegeken deur die universiteit: Wiehan van Pletzen.
FAK Trofee vir 'Beste Taalvaardigheid in Graad 12: Tinieke du Plessis

Ons sê baie geluk aan almal wat hard gewerk het deur die jaar en net hul beste gegee het!

## Moldag-tradisie

Nicole Dembskey & Estlien Hartman

Moldag word elke jaar gevier deur chemici, chemiese studente en chemiese entoesiaste .

Díe dag word gevier op die 23ste Oktober om 06:02. Die tyd en datum is afgelei van Avogadro se getal wat 6,02×10^23 is. Dit is die aantal atome of molekules wat een mol van 'n stof bevat. Moldag word gevier om studente se beangstelling in chemie aan te moedig.

Al is mol een van díe bekendste getalle onder wetenskaplikes - selfs meer bekend as Pi - kon sy ontdekker, Amedeo Avogadro, wat van 1776 tot 1858 gelewe het, nooit 'n stukkie van sy eie "pie" kry nie, aangesien hy eers erkenning daarvoor gekry het na sy dood.

Moldag by Jansen word elke jaar deur die graad elf- Fisies groep in die Gallie-Maré huis gevier. Almal deel interessante feite oor die getal, toets mekaar se sin vir wetenskap-humor en eet ontbyt saam om 6:02 die oggend. Al die wetenskap onderwysers vier ook hierdie dag saam met die graad elfs. Elke jaar dra die graad elfs en wetenskap onnies spesiale moldag hempies. Díe hempies word self ontwerp deur die graad elf wetenskapleerders!

So, nou daag ons julle uit! Vat wetenskap en vier Jansen se moldag tradisie!







## Jansen se Top 10-leerlingraadslede.

Jade Piek

Ek het dit bietjie anders gedoen die keer en ek het gevra dat almal wie stem 'n rede gee hoekom hulle dink die volgende leerlingraadslede verdien die Top 10.

**10de plek**:

Micheалé Liebich

" Sy is baie vriendelik en sy maak die beste scrunshies"

**9de plek**:

Carmen Vos

"Sy is baie baie nice en sy het 'n goeie hart"

**8ste plek**:

Kyle Potgieter

" Want hy is my HERO ou"

**7de plek**:

Dian Coetzee

"Hy is regtig nice en hy staan vir wat reg is"

**6de plek** :

Tylon Kotze

"Vra jy regtig ? Hy is Amazing bra"

**5de plek**:

Charlize van der Merwe

"Sy is beeldskoon en sy is regtig baie oulik"

**4de Plek** :

Danielle Fourie

"Sy is regtig baie nice en sy dra haar hart op haar mou"

**3de plek**:

Bernice Swartz

"Sy het 'n passie vir al die regte goed, sy gaan ons skool vêr bring"

**2de plek**:

Franco Enslin

" Hy is baie nice en hy het ń hart van goud wat altyd die regte ding doen"

**1ste plek**:

Danyelle Jacobs

"Ah ek love haar, sys net Amazing"

Dis ons top tien Jansieraad vir 2019!

## Dans is 'n kuns



Jade Piek

EG Jansen het vele talente onder die leerders, Maar een van my gunstelinge is dans. Ons skool is vol dansers wat ons nie van weet nie. Dans is my passie al van dat ek kan onthou, in my oë is daar nie ń probleem wat dans nie kan oplos nie, dis die beste tyd om te dink en alles om jou te laat vergeet op dieselfde tyd.

Die volgende meisies kan saam my stem;

**Mianda Maree:**

*Gekies vir span Gautengspan

* Kwalifiseer vir Disco Wêreldkampioenskappe 2018 ... was toe swede toe - is 71ste nou in wêreld

*Het deur die jaar 'n hele paar kompetisies gewen met altwee *slowdance* en *freestyle solo* items.

*Het met jaarlikse Center Stage inhouse kompetisie (net dansers van Center Stage Dance Studio mag deelneem soos Jacqueline en Maryna) het net 1ste plekke in elke afdeling wat ek deelgeneem het ontvang: *Freestyle solo, slowdance, Hip-hop solo* , *Freestyle champ* of champs en *Hip-hop champ of champs, Hip-hop couples* en *Medal solo en Disco solo.*

*1ste plek met jaarlikse hip hop eksamen.

**Jaqueline Cronje:**

*Gekies vir Gautengspan

*Sy en Mianda was saam Wêreldkampioenskappe toe

Dans is kuns en dis iets wat almal doen. Dans verspei geluk, ek weet verseker dit maak my bly!



## Jansen Tradisies

Maryna Theunissen

Hoërskool Dr. E.G Jansen word geken aan hulle uitsekende tradisies. In 2016 is 'n nuwe tradisie begin deur René Smuts en Hanco Ferreira,Die matriekgroep van 2016 het die voorreg gehad om die klok vir die heel eerste keer te lui.Dit is 'n uitstekende tradisie en so het Jansen nog vele meer tradisies soos die orientering van die Gr.8 leerders by Kwalata ,waar spanwerk beklemtoon word en waar die eienskappe van 'n ware Jansie aangeleer word.
Na die kamp gaan die leerders terug skool toe en vir 'n volle 2 weke trek hulle temagebonde aan.Dis uitstekende tradisies soos die wat van Jansen 'n wonderlike plek maak om te studeer, te presteer en sommer net pret te hê. JANSEN 'N SKOOL WAAR ELKEEN IEMAND IS!!

HOËRSKOOL DR. E.G. JANSEN - ONS SAL HANDHAAF IS ONS LEUSE, OM TE WEN ONS STREWE, ONS VIR JOU E.G. JANSEN.








## ONDERHOUD MET RUDI DAMES



Erin Patience

WAT IS MENEER SE DOELWITTE VIR 2019?
Dit is vir my belangrik om eers die dissipline onder die seuns reg te stel en ware rolmodelle van hulle te maak. Dan natuurlik is die wen van soveel moontlik rugbywedstryde op die agenda – iets waarna beslis uitgesien word.

WAT IS AL OP DIE AGENDA OM DIE DOELWITTE TE BEREIK?
Die seuns is al hard aan die oefen in die gimnasium en ons toer ook na Ierland. Dit is vir my belangrik dat ek elke seun leer ken.

WAT IS VOLGENS MENEER DIE DRIE EIENSKAPPE WAT ELKE RUGBYSPELER BENODIG?
Eerstens harde werk, tweedens lojaliteit en derdens om eerlik met jouself en jou span te wees.
Ons sien beslis uit na 'n belowende seisoen in 2019!

## Jansen se skaakspan is baas!

Haylee Bronkhorst

Jansen se skaakspan het goed presteer en Jansen is trots!

Uitslae vanaf Mei tot September.

Voortrekker:

Jansen wys dat ons baas is.

Die juniors wen met 5-1.

Die seniors wen met 5.5-0.5. 0/18 wen met 6-0

0/15 wen met 5-1

Elspark:

Die juniors wen met 5-1

Die seniors wen met 6-0

Oosterlig

**0/18 wen met 5-1**

**0/15 wen met 4-2**

Distrik - byeenkoms:

**0/18 wen**

**0/15 wen**




Distrik finaal:

**0/18**

**0/15**

Gauteng:

**0/15 algeheel 9de**

**Baie geluk met hierdie wonderlike pretasies. Skaak is baas en julle het dit beslis vir almal gewys. Jansen is trots op julle!**

## Tennis vir eens in die kollig

Vinette Joubert

Tennis is 'n sport wat baie min by Jansen onder die kollig geplaas word. Maar in die buitewêreld word tennis nie net as 'n belangrike sport beskou nie, dit bring duisende mense by mekaar, net soos rugby en krieket.

Tennis is 'n ou bekende by Jansen en glad nie 'n nuwe sport nie.

Angel Mkhwanazi, Gr 10, verduidelik dat tennis 'n eenman sport is . Wat beteken dat drama nie 'n rol speel nie. Angel speel al van grad 8 tennis en het al in baie van haar wedstryde goed presteer. In een van haar onlangse wedstryde het sy 8-0 gewen en mense gewys hoekom sy n tennisraket deel van haar lewe gemaak het.

Angel se afrigter, Henco,Doman, se passie vir hierdie sport is definitief sigbaar. Die meneer se droom vir Dr EG Jansen se tennis is dat meer leerders betrokke moet raak, maar ook om vir hulle genoeg tyd te gee om goeie tennisspelers te word.

Baie min leerders is betrokke by tennis, maar daar is soveel potensiaal in die sport vir almal om te presteer. Wie wil nou nie al hulle frustrasies en woede met een of twee houe uitslaan nie. Wie weet? Miskien, om deel te neem aan die tennis Tuksreeks, bring dit jou nader aan jou ware toekoms! So neem 'n kans en waag jy hand aan 'n raket – wie weet wat hou die toekoms vir jou in!

## Top 10 - Naboomspruit Elardus Erasmus

Mia Burger

Die Jansen altlete het uitgeblink tydens die Naboom Top 10 byeenkoms gehou vanaf 12-14 Oktober 2018. Daar het 54 skole deelgeneem.

Jansen het puik prestasies opgelewer en dit maak ons opgewonde vir die toekomende seisoen die nuwe jaar!

Plekke behaal:

Ruan Bronkhorst 0/15 hoogspring- 2de plek- 1.85m. (1000 Absa punte)
Henrico Hermann 0/15 100m- 2de plek- 10.92 s (1068 Absa punte)
Alyssa Botha 0/15 100m- 3de plek- 12.87 s (882 Absa punte)
Juan Oelofse 0/17 400m - 2e plek- 49.24 s (935 Absa punte)
Zhander Briedenhann 0/17 Gewigstoot- 3de plek- 16.04m(880 Absa punte)

Die hoogste Absapunte verkry vir die naweek van EGJ:

Seun- Henrico Hermann 0/15
*1068* punte
Vir sy 100m gehardloop in 10.92 sekondes, 2de plek.

Dogter- Alyssa Botha 0/15
*905* punte
Vir haar hoogspring met 'n hoogte van 1.55m, 6de plek.

Ons is baie trots op al die atlete en ons sien baie uit na die toekomende seisoen wat voorle!



Naboom Top 20 span

## Karate Koningin

Suzaan bring goud na Jansen! Op Sondag, 28 Oktober 2018, het Suzaan Botha die Gauteng -span verteenwoordig en 'n derde plek (brons medalje) gewen in Kumite by die Gojukai SA-Kampioenskappe in Stellenbosch.

Op Saterdag, 3 November 2018, het sy ook aan die Ekurhuleni Proewe deelgeneem by die Brakpan Binneshuise Sentrum waar alle soorte karatika teen mekaar deelneem. In hierdie rondte het Suzaan eerste gekom in haar kategorie en dus 'n goue medalje huis toe gebring, asook nou deel geword van die Ekhuruleni All-styles Karate span.



## Hou bene hou

Alyssa Trahms

Jansen was algeheel eerste by al 3 ligas en die Groter Boksburgkampioenskappe.

Baie geluk aan al ons atlete wat deurgedring het na die Distrik Kampioenskappe,

6 van Jansen se atlete het gekwalifiseer om Ekurhuleni - Suid te verteenwoordig by die Gautengkampioenskappe wat gehou is te Suiderlig Hoërskool op 1 September 2018.

Gauteng uitslae

| | | |
|---|---|---|
| Corlize Scholtz | : | 5de |
| Sonja Schutte | : | 12de |
| Alyssa Trahms | : | 29ste |
| Dirk Wijnbeek | : | 37ste |
| Cara Wijnbeek | : | 38 ste |
| Caden Webb | : | 41ste |

Ons klein dinamiet, Corlize Scoltz, verteenwoordig Gauteng by die SA - Landloop kampioenskappe op 29 September 2018 en hardloop n briljante 7de plek op Nasionale vlak los. Baie geluk Corlize met hierdie welverdiende prestasie.

Ons is ongelooflik trots op al ons atlete wat baie hard geoefen het om Jansen se naam hoog te hou, welgedaan!

Ons atlete wil net n baie spesiale dankie rig aan Juffrou Fullard en Juffrou Y. Pretorius vir al hulle moeite met reëlings en borge wat gesorg het dat ons Jansies met trots kon rondloop.

## Jansen blink uit op krieketveld!

Haylee Bronhost

**Jansen is trots op al sy krieketspelers wat ons naam hoog hou. Die volgende uitslae is van September en Oktober:**

**Jansen se Eerstespan het beslis vir die volgende skole gewys wie is baas!**

**Jansen wen teen Dinamika, Marais Viljoen, Alberton High, Hans Moore, Noordheuwel, St. Benedicts en Kempton.**

**Jansen se Tweedespan wys die volgende skole om nie met Jansen te mors nie.**

**Jansen wen teen Sasolburg se eerstespan, Alberton High, Hans Moore en Jeugland.**

**Jansen se 0/15 het die volgende skole gewys dat Jansen die skool van alle skole is.**

Die A - span:

**Jansen wen teen Marais Viljoen, Alberton High, Hans Moore, Noordheuwel, Kempton Park, Monnas, Dr. Malan en is toe deur na GV - kwartfinaal.**

**Ons o/15 A-span is ook 2018 se T20 Evergreen Wenners teen Marais Viljoen.**

Die B span:

**Jansen wen teen Marais Viljoen.**

**Jansen se 0/14 het vir die volgende skole ore aangesit.**

Die A-span:

**Jansen wen teen Oosterlig, Monument, Hans Moore en Kempton Park.**

Die B-span:

**Jansen wen teen Die Anker en Hans Moore.**

**Baie geluk met al die prestasies. Julle maak Jansen trots!**

## Pompoms 2018

Gwyneth Greyling

Soos almal weet was die pompoms van 2018 weer skitterend nie net met hulle vertonings nie, maar ook met die laerskole bemarking, die Opedag en die projekte rakende kanker en kinderhuise.

Ons het in 2018 donasies gekenk aan die *UNDER HIS CO-VERING PROJECTS* van Mev. Carika Pretorius en ook aan die *CHAMPIONS OF CANCER* onder leiding van mev. Gwen van Rensburg. "Die projekte wat die pompomgroep van 2019 gaan aanpak is bietjie anders as vorige jare se projekte" sê Juffrou Scholtz, die organiseerder van die pompoms en die vrou agter die skerms met die grootste rol.

"Die pompoms van 2019 se hoooffokus sal wees om eers na die ekonomiese situasie van die skool self om te sien. Die pompoms gaan nie net projekte aanpak nie, maar gaan ook puik vertonings aanbied by ons tuis rugbywedstryde in 2019.

Karien Snyman ons hoof - pompom vir 2019 en Danielle Fourie en Carmen Vos die onderhoof - pompoms van 2019 gaan die groep meisies lei saam met Mevrou Magda Scholz en ons sien uit na 'n LEKKER jaar!



Foto : Mnr. Smith



# Netbal- Fast Five



Vanjaar se Netbal Fast Five Gau teng - en SA - Kampioenskappe is gehou by E.G. Jansen. Die Gau teng Kampioenskappe is gehou op 9 September en die SA - Kam pioenskappe op 1 en die 2 Oktober 2018.

Die enigste span van E.G. Jansen wat deurgedring het tot die SA - Kampioenskappe was die o/15 Netbalspan wat afgerig word deur juffrou Charnel Snyman. Hulle het derde geëindig by Gauteng, wat reeds 'n puik prestasie is. Hiermee kwalifiseer hulle vir die SA - Kampioenskappe waar hulle moes uitspeel teen van Jansen se grootste kompeterende skole. Die skole waarteen hulle moes kompeteer sluit onder andere in; Monument, Dinamika, Ben Vorster, Duineveld, Menlopark, Garsfontein, Merensky en Martin Oosthuizen. Hulle het ook teen skole van ander provinsies deelgeneem.

Jansen se o/15 span het ons geweldig trots gemaak deur 10de te eindig teen al hierdie makro skole. Jansen se Netbal Direkteur, "Coach" Jenne-lee Delport, het hulle deurentyd ondersteun. Baie geluk aan E.G. Jansen se o/15 netbalspan en afrigters.



Jansen so/15 netbalspan, van links; Charné van Vuuren, Lise-Marie van der Mescht, Liamé de Lange, hulle afrigter Charnel Snyman, Jenique Botha, Chanzelle Botha, Monique Dembskey, Anzelle du Toit en Aphelele Mgoza.

# Ringbal

Alyssa Trahms



Foto : Anoniem

Die volgende leerlinge is tot die Ekurhuleni – Noord Distrikspan verkies en het die provinsie verteenwoordig by die Suid Afrikaanse Ringbalkampioenskappe vanaf 30 September – 6 Oktober 2018 by Camp Discovery.

| | |
|---|---|
| Marnoe Hermann – | Seuns 0/18 |
| Jacques Botha – | Seuns 0/17 |
| Jason Vosloo – | Seuns 0/17 |
| Matthew Vosloo – | Seuns 0/17 |
| Armand Marx – | Seuns 0/15 |
| Alyssa Trahms – | Dogters 0/17 |
| Jenique Botha – | Dogters 0/15 |
| Clarinda Stols – | Dogters 0/15 |
| Sue Ann Marks – | Dogters 0/15 |

Ons leerlinge het puik presteer en die provinsie se naam hoog gehou ! 5 van ons 9 spelers is ook verkies tot die volgende Suid – Afrikaanse spanne.

Marno Herrmann : SA - span S/018
Alyssa Trahms : SA - span D/017
Matthew Vosloo : SA - uitnodigingspan S/017
Jason Vosloo : SA - uitnodigingspan S/017
Clarinda Stols : Presidentspan D/015

Marno Herrmann is ook aangewys as die 0/18 speler van die toernooi wat 'n puik prestasie is!

Baie geluk aan al ons Jansie Ringbalspelers, julle is tops!



# Koor 2018.

JC Viljoen

Die Jansen Koor is n klein groep van so plus minus 25 kinders wat elkeen 'n passie vir sang het.

Die koor word deur Juffrou Jean Marie en Tannie Karen afgerig. Sonder hulle passie vir sang sou die koor nooit bestaan het nie.

Die koor het by talle Kunswedstryde opgetree en talle ander funksies. Die Koor het n kamp gehad in Junie 2018 waar hulle geleer het om saam as n koor te werk en hulle beste te gee. Die Koor het 'n eindkonsert gehad waar die lede van die koor se familie en vriende na die koor kon luister en die kinders se kunsstukke koop.

Die koor het ook talle prestasies vir die skool gebring deur by Kunswedstryde op te tree en baie goed te presteer in elke een.

Die koor is n groot deel van Jansen se Kultuur en ons sê baie dankie aan elkeen van julle.



# JANSEN SE JUKSKEI



Danielle Fourie

Weet julle hoe die sport ontwerp is?

In die dae toe die eerste wit setlaars Suid-Afrika ingetrek het, was hulle afhanklik van transportryers vir voorraad. Die transportryers het met hulle ossewaens van die Kaaplandse kus na die binneland gereis en op uitspanplekke op hulle transportroetes gestop sodat die diere kon wei en hulle na 'n lang kon ontspan. In hierdie tyd was soortgelyke speletjies soos kegelspel en ringgooi gewild in Suid-Afrika en Europa en alhoewel daar gespekuleer word dat 'n vorm van jukskei reeds voor die tyd aan die Kaap gespeel is, was dit die transportryers wat jukskei in sy herkenbare basiese vorm geskep het. Om ledige ure te vul het hulle die skeie uit die juk getrek en na hul teiken gegooi: gewoonlik die langkopskei (ook genome die "pen") van die hotvooros, wat in die grond geplant is. Die afstand tussen die pen en die gooi posisie is afgetree en slegs "skoon" penne het getel, met ander woorde, punte kon slegs behaal word deur die omgooi van 'n pen.

Met die geskiedenis van jukskei kan ons aflei dat dit soos 'n redelike maklike sport mag klink, maar toe nie. Die sport het baie reëls wat nagekom moet word en dit vat tyd om alles eers te verstaan voor jy net kan wegspring en net doen wat jy wil.

Ons skool het twee ouderdomsgroepe naamlik 0/16 en 0/19, die groepe verdeel word in 'n seunsgroep, meisiegroep of selfs gemeng. Daar moet wel 4 spanlede in 'n groep wees. Die skool het hierdie jaar 7 spanne ingeskryf. Ons het baie goed gedoen en almal het dit baie geniet. Die uitslae was soos volg:

**Liga uitslae:**

| | |
|---|---|
| 0/16 Dogters | – 4de |
| 0/16 Seuns | – 3de |
| 0/19B Dogters | – 4de |
| 1ste span | – 4de |
| 2de Span | – 3de |
| 3de Span | – 1ste |
| 0/19 B Seuns | – 1ste |
| 0/19 Gemeng | – 1ste |

Ons is baie trots op die volgende 2 leerders wat deurgaan na Sentraal Gauteng wat by Kroonstad aan die Junior SA's gaan deelneem.
Eben van de Merwe graad 8
Anushka Van Logerenberg graad 8
Die twee leerders het ook pretasiekleure gekry vir hul pragtige prestasies.

# "Dancing Queens"

Duané Kitching

Daar is drie EG Jansen leerders wat deel is van die Centre Stage Dance Studio in Boksburg wat die 17de en 18de November deelgeneem het aan die Suid-Afrikaanse Dans Kampioenskappe te Casa Social Da Madeira in Pretoria.

Dwarsdeur die jaar het Jaqueline Cronje (graad 11), Mianda Maree (graad 10) en Maryna Theunissen (graad 8) hulle goed van hulle taak gekwyt...

Jaqueline het tydens SA's deelgeneem vir die inter provinsiale verteenwoordigende span teen die Vrystaat provinsie. Sy is in die Top 12 van die *Champ of Champs*. Sy behaal in *Freestyle Ladies Couples* 'n 2de plek in die 0/16 afdeling. 2de in die 0/16 WTC *Disco Dance Duo's mixed*. In haar solo dans het sy 4de in *Freestyle 16 /17 PREMIUM* geëindig wat die hoogste katogorie in Suid-Afrika is en daarom het Jaqueline haar Gautengkleure verwerf. Sy is algeheel 4de in die 0/16 WTC *Disco Dance Solo* asook 5de in die 16/17 *Ladies Prenium Champ Slow dance*. Dis omtrent 'n hele mondvol!

Mianda Maree is tans 'n graad 10 leerling wat skitterend presteer. Sy is hierdie jaar vir die vir die Gauteng provinsiale span gekies waar hulle span ook as wenners tydens die kompetisie aangewys is. Tydens SA's het sy ook 'n hele paar toekennings behaal ... Sy wen die Suid-Afrikaanse kampioenskappe met haar *slow dance solo*, sy is as naaswenner aangekondig met haar *freestyle solo* asook met *freestyle couples* en *disco couples*. Sy behaal die Top 10 en is 9de op die *16 and over Champ of Champs* ranglys. Sy behaal 'n 5de plek met *Disco couples* asook 'n 5de plek met *Disco solo dance*. Dit is voorwaar 'n eer om een keer as SA-wenner, drie keer as naaswenner en twee keer in die Top 5 aangekondig te word. Mianda is werklik 'n 'dancing queen'.

Die jongste tussen die dansende sterre is Maryna Theunissen in graad 8. Tydens die SA-kampioenskappe het sy ook baie goed presteer. Sy was 7de in 14/15 *female Freestyle Champ* afdeling asook 7de in 14/15 *slow dance female*. Laastens behaal sy 'n 6de plek in die WTC 12/15 *Disco female dance*.


Daar is baie versteekte talente as dit kom by dans in Jansen. Hierdie drie leerders het defnitief naam gemaaak by die Suid-Afrikaanse kampoenskappe wat in November gehou was en is Jansen se eie Dancing Queens soos wat ABBA is hulle bekende liedjie sing.



Mianda Maree aangewys as wenner



Mianda Maree



Bo : Maryna Theunissen terwyl sy dans



Links : Jaqueline Cronje

## Regte is so reg in haar kraal

Anoniem

In 2017 het Duané Kitching , deelgeneem aan die Moot Court - Kompetisie van die Universiteit van Pretoria.

Wat is Moot Court ?

*"Moot Court is an extracurricular activity at many Law schools in which participants take part in simulated court or arbitration proceedings, usually involving drafting memorials and memoranda participating in oral argument. It is also known as Mooting."*

Dié hofsaak het gegaan oor 'n matriekleerling wat ingeskryf het by Jan Smuts Hoërskool, haar hare was nie volgens die skool se beleid nie. Die skool wou haar skors. Duané moes teen ander skole meeding en 'n geskrewe hofsaak indien waarin sy haar standpunt ingeneem het. Duané het die dogter se saak verteenwoordig en bewys dat volgens die wet die betrokke leerling met haar natuuurlike hare kon skool gaan en dat sy nie geskors mag word nie.

Op 26 Augustus 2018 het Duané by die Sedibeng East Schools Award - evening 'n "Value-award - GAU TENG PROVINCIAL AWARD ontvang vanaf die Gauteng Onderwys Departement van Suid-Afrika vir 'n derde plek in die Moot Court - kompetisie.

Duané wil graag in 2019 BComm-Regte studeer by Tukkies – ons kan duidelik sien hoekom!



Foto : *Alberta* Els

## BUITE KUNSWEDSTRYDE

Vinette Joubert

Kunswedstryde is dalk nie jou koppie koffie nie, maar wanneer mens navorsing doen raak die feite verbasend oortuigend om tog jou tone in die water te steek.

Behalwe vir Vivarte wat deur Dr EG Jansen aangebied word, is daar ander kunswedstryde wat hul merk gelaat het.

Con Spirito het al 16 jaar terug sy voete gevind en meer as 8 duisend items het deel geword van hierdie groeiende kunswedstryd. Lizelle van Staden sê Conspirito was een van haar beste besluite as stigter.

Kunswedstryde is vir die oud, jonk, talentvolles en die snaakses. Kunswedstryde bevat nie net dramastukke en leesitems nie, die kreatiewe items soos dans en sang sal jou asem wegslaan. Die kuns is ook 'n bonus, want jy kan jou talent wys sonder om daar te wees.

Cindy Kruger, n passievolle vrou wat al vir tien jaar betrokke is by kunswedstryde, verduidelik dat die items by kunswedstryde al hoe groter geraak het van kuns tot geskrewe poësie. By vanjaar se Del'arte kunswedstryd het meer as 5 duisend kinders hulle talente in hul items kom wys.

By 'n kunswedstryd besef mens die nie altyd nie, maar kinders leer respek vir ander mense asook vir dit wat hulle opvoer. Wanneer n kind passievol is oor hulle gediggie of dramastuk, oefen hulle dit met alles wat hulle het. Dis een ding wat ons almal kan leer - om ons passie soos n kind uit te leef. Dalk vind jy dit by 'n kunswedstryd.

Kunswedstryde is dalk nie jou koppie koffie nie, maar 'n mens kan leer hoe om daarvan te hou.



## JANSEN TALENT OP "SHOW"

Estlien Hartman

"Roerend, inspirerend en opwindend!" - Dit is hoe oud-Jansen onnie en huidige koordirigent, Mev. Jeanne-Marié Booysen, Jansen se besondere Kultuuraand en Eindjaarkonsert beskryf het.


Duané Kitching , matriekleerder en Emile Welgemoed was die seremeniemeesters vir die aand en het hul goed van hul taak gekwyt. Daar was 'n verskeidenheid items op die program om elke persoon se smaak te bevredig. Van melancholiese stukke soos Mamma deur Lara Taylor en Houvrou deur Calista Clark, tot optredes wat jou sal laat huil van die lag soos Fliek deur Reon Jordaan en Shirley Valentine deur Simoné de Jager. Daar was selfs uitstekende dansoptredes deur Cara Wijnbeek en Vinette Joubert.

Die hoogtepunt van die aand was egter die koor se finale optrede vir die jaar. Elke lid het sy of haar kant gebring en dit het gelei tot 'n passievolle optrede. 'n Lid van die koor, Lavern van den Broek, het gesê om deel te wees van die koor baie verbintenis en spanwerk vereis.

Mev. Booysen se boodskap aan die kultuurkinders van die skool is: "Kultuur vervaag nooit nie, maar bly vir altyd. Dit ontwikkel jou siel, gaan saam met jou in die lewe en het ewigheidswaarde."

'n Aanhaling wat die eindjaarkonsert perfek beskryf is deur Jason Lategan op hierdie aand gesing vanuit Les Misérables: "The very words that they have sung became their last communion."

Ons hoop dat dit egter nie die laaste van sulke talentvolle kultuuraande sal wees nie, maar dat dit so sterk tradisie sal word soos al ons ander.




Kuns wat gekoop kon word deur gaste.



Die koor tydens die konsert.

## Eksamen-wenke



Gwyneth Greyling

Jansen se doel is om alle leerders te sien goed doen in hulle akademie.

Toetse is dalk nou verby, maar voor jy jou oë uitvee is dit die eerste eksamen van die jaar, so hier is n paar eksamenwenke wat jou sal help om eksamentye stresvry te maak.

Sorg dat jy nie die oggend van jou toets hoef te jaag om betyds te wees nie. Eet ontbyt en praat met jou gesinslede wat jou hoopelik sal motiveer en aanmoedig.

Kry genoeg slaap, dit beteken nou nie jy moet heeltyd slaap en die aand voor jou toets al die inligting in jou kop probeer inprop nie.

Moenie jouself omring met swartgallige vriende wat heeltyd kla oor hoe onvoorbereid hulle in die eksamenlokaal gaan instap nie.

Sodra die vraestel voor jou neergesit word, haal 'n minuut of twee diep asem. Dit is 'n goeie manier om jouself te kalmeer voor jy begin.

Verban alle vreesgedagtes en vervang dit met positiewe gedagtes. Dink net aan al die ure wat jy geleer het en al die opofferings wat jy gemaak het om voor te berei vir jou toets.

Gebruik jou tyd goed - as jy moet leer, leer. Jy kan later met vriende kuier en bymekaar uitkom - dit is hoekom vakansies daar is.

Dan die belangrikste en duidelikste eksamenwenk… Leer! As jy in die eksamenlokaal instap en weet jy het nie geleer nie moet jy nie goeie punte verwag nie, want al wat jou dan sal "help" is miskien as jy vir jou onderwysers sjokolade en biltong bring om "dankie te sê vir die kwartaal.". LOL

## Ekle plooi vertel 'n ander storie

Duané Kitching

Dit is heerlike lente die winter is verby…Alles wat grys was het kleur begin kry!

In 'n jeugbehepte lewe word ons vasgevang in 'n plooitjielose vel – dis mos die idiaal. Maar soms vergeet ons da tons ander se lewens deur slegs 'n kykie na links of regs kan sien. Lewensverhale van mense word verklap – onbewustelik. 'n Plooi om die mond en een om die oog, elk met die perfekte vorm. Dus vertel elke plooi 'n storie ('n ander storie).

Dit was koud….yskoud. Die wind brand my. Verlate sit ek en wonder waar sou ek wees as dit nie gebeur het nie. Vasgevang in my eie winter. Onmenslike weersomstandighede van die lewe dryf my teen die mure uit…..Ek kan dit nie meer vat nie. Alles het goed begin dit was 'n vakansie wat ek enige tyd wou herleef.

Die branders wat breek laat my tone krul soos 'n DNA-molekule. Dit was my gunsteling geluid, maar nou laat dit my ween en kreun oor dit wat was! Ek kan voel hoe 'n stresplooi my gesig oorneem. Nog ouer nog meer probleme!

Raai wat was die brommer in die bredie? My pa… Ons het vakansie gehou by een-of-ander strand. Ons het vertoef in die water en geluk ervaar wat nie eens die duiwel kon steel nie. Ons het land en sand gesels oor alles wat vir my voorle – agtiende verjaarsdag, rekordeksamen, eindeksamen, universiteite. Ek was bang, bang omdat ek nie bang was vir die "grootmenswereld" nie. In tydskrifte het ek gelees oor alles wat "daar buite" vir my wag. Met skok besef ek date k oud raak, te oud.

Ek onthou die horlosie tik-tik. Selfs die sakhorlosie wat pa twee jaar terug vir my gekoop het, bly steeds loof. Nog 'n plooi het gevorm, 'n bang-plooi, net bokant die wenkbroue! Die plooi vertel 'n ander storie, want 'n bang Jan is beter as 'n dooie Jan.

Dood.

Hy is dood. My pa is deur die bloumassa ingesluk, oordompel en nou? Nou is hy weg.

My heerlike somer het in 'n winter verander. Wit soos sneeuwitjie – toe ek die nuus gehoor het. My lewe het inmekaar getuimel. Plooie het my gesig oorval omdat ek heeltyd vraend deur die lewe geloop het.

My plooi om die oog vertel 'n storie van 'n vakansie wat ek sou wou herleef. 'n Stresplooi van problem en wraak was op my gesig asook 'n bang-plooi vir dit wat kom.

Vandag is dit heerlike lente, die winter is verby. My wange wat wit was het nou kleur gekry. Na tien jaar van winter het my lente aangebreek. My gesig is soos wat die jeug verwag dit moet wees – plooiloos. Na tien jaar kan ek nie meer nie, ek wou myself keer, maar ek swem nou saam met my pa.

Stresloos, plooiloos en leweloos.

# Rugby toekoms – beslis blink.

Duané Kitching



Die 0/15, 7- rugbyspan van Dr. EG Jansen was hierdie jaar vet op ander skole se vuur wanneer dit by rugby kom. Tydens die seisoen het hul aan twee Valke - toernooie en die Noordvaal - toernooi deelgeneem. Hulle het beide die Valkestreek - toernooie verower met 'n eerste plek en het algeheel 9de geëindig in die Noordvaalkompetisie.

Die eerste Valke - toernooi was 31 Augustus tot 1 September en die Noorvaal - toernooi is kort daarna, 14 en 15 September, gehou.. 'n Maand propvol rugby! Die laaste Valke - toernooi was 7 September waar hulle koning gekraai het. Saam het hierdie span agtien wedstryde gespeel waarvan hulle vyftien gewen het

Jansen se toekoms in rugby lyk beslis baie goed – die graad 8 - en graad 9 leerders werk baie hard en wil EG rugby terug kry waar dit was. Tristen Lombaard is as kaptein aangewys tydens die seisoen. Hy dra die nommer nege trui met trots en klim elke dag trappie vir trappie die leer van sukses met die hoop om vir die Rooimasjien te speel. Faf de Klerk, bekende Springbok wat tans vir die Sale Sharks in Engeland speel, is 'n rolmodel waarna hy daagliks opkyk.

In 2019 sien hy die meeste daarna uit om broederskap op te bou tussen die spelers. Hy is ook baie bly oor die nuwe afrigters en hy kan nie wag om ander spanne in die slag te tree nie. Sy droom vir EG Jansen se rugby is om as 'n skool geskiedenis te maak deur die beste rugbyskool te word.

Franko Bredenkamp, die 0/15 slot , sê hy sien baie uit na die nuwe seisoen wat voorlê omdat dit 'n harde jaar gaan wees en dat die spanlede gaan leer om saam te werk. Hy speel graag rugby, want dit is 'n lekker vinnige spel waarin hy wil spesialiseer. Hy volg graag Duane Vermeulen van die Springbokke se voorbeeld omdat hy hom motiveer om net die beste te wees.

2019, 2020 en 2021 gaan defInitief massiewe jare vir die Rooimasjien wees. Rugbyliefhebbers maak julle gereed vir goot dinge!



0/15 span aangewys as wnners van Valke toernooi.

Foto : Melanie Pelser

# Groenewald en Edwards gaan vir GOUD

Duané Kitching

Tydens die Cravenweek in Julie het Jason Edwards en Werner Groenewald beide die 0\16 SA-skolespan gehaal. Dit is vir Jansen 'n groot eer om twee uit sewe Grant Khomospanleerders in hierdie Suid - Afrikaanse skole rugbyspan te kon hê.

Edwards en Groenewald is gekies vir die Green Squadspan van 2018. Hulle het tydens die vakansie 'n oefenkamp bygewoon. Die kamp was in die Kaap gehou by Hoërskool Paarl Gimnasium. Volgens Werner was dit fantasties, want hy is altyd bereid om iets nuut te leer.

'n Bietjie meer inligting oor elk van die Jansen rugby raakvatters volg...

Werner se motivering in sy lewe is sy familie. Hy wil graag aan hulle dankie sê, dat hulle hom die geleentheid gee om te doen waarvan hy hou, deur rugby tot die beste van sy vermoë te kan speel. Hy glo dat hulle hulle kant gebring het en nou moet hy net sy beste doen. Sy grootste ondersteuners is dus sy familie. Rugby is 'n groot deel van sy lewe, deur rugby wys hy sy dankbaarheid aan sy ouers. Tydens die oefenkamp in Paarl het hy 'n kniebesering opgedoen daarom fokus hy nou eers op rehabilitasie van sy knieg. Werner is nie net 'n man wat van rugby hou nie maar hy hou ook van" romantic-comedies". Hy hou daarvan om mense te laat lag. Hy glo dat 'n mens nie weet wat in ander se lewens aangaan nie daarom wil hy ander altyd laat glimlag en 'n grappie of twee vertel. Franco Enslin was in die eerste span van 2018 en hiérdie agtsteman is Werner se rolmodel op skolevlak. Hy kyk op na hom nie net ten opsigte van sy rugby nie, maar ook oor sy goeie maniere en menswees. Hy is 'n fris man – "Alles wat ek wil wees."

Edwards speel nie net rugby nie, maar verruil soms rugbytokse in vir 'n krieketkolf. Edwards is tydens die prysuitdeling aangewys as die Veelsydigste Sportsman van 2018. Na hoërskool wil hy graag professioneel rugby speel. Sy held is Damian McKenzie van Nieu-Seeland wat ook heelagter speel. Hy glo dat Suid-Afrikaanse Rrugby 'n blink toekoms het omdat die land se rugbykennis daagliks groei en opbou. Wesley Noëth was die senior rugbyspeler waarna hy opgekyk het omdat hy altyd sy beste voetjie voorsit en alles vir sy span gee. Daar is paar doelwitte wat hy wil bereik in die opkomende rugbyseisoen soos om vir die Rooimasjien te speel, Cravenweek te speel asook die SA-skolespan weer te haal. Rugby is sy passie en hy het al van kleinsaf 'n liefde vir dit ontwikkel.

Rugby is nie net vir albei van die leerders 'n passie nie, maar ook 'n lewenswyse wat hulle uitleef en hoop dat ander ook na hulle sal opkyk.




# 4 uit 7 vir Jansen

Duané Kitching

SkoleRugby se grootste wens volgens Facebook is om vir outjies blootstelling te gee. 'n Groter naam te gee as wat hy klaar het. SkoleRugby het defInitief een van hul doelwitte bereik deur vir Jason Gregory, Kyle Potgieter en Franco Enslin blootstelling te gee op rugbyvlak.

SkoleRugby hou spelers regdeur 'n rugbyseisoen dop en so het hulle die 3 Jansenleerders genomineer vir verskillende afdelings:

Kyle Potgieter is genomineer vir die volgende: Beste agterspeler, beste skakelpaar saam met Jason Gregory; Speler van die Jaar; Suksesvolste Speler van die Jaar en Talentvolste Speler van die Jaar.

Bloubulspeler – Jan Henning Campher het 26 September aangekondig dat Kyle die Speler van die Jaar titel ontvang het. Kyle sê dit is vir hom as Gr 11 - leerder 'n groot eer en prestasie om 'n titel te kry waarvoor almal wens. Kyle het groot kompetisie gehad soos bv.: Christiaan Bezuidenhout van Helpmekaar Kollege. Hy sê dat hierdie titel hom nie net meer selfvertroue gegee het nie maar dat hy reg is vir alle geleenthede in 2019. Sy raad aan ander spelers is: " Maak seker dat wanneer jy 'n droom het, jou droom jou leefstyl word en nie net 'n stokperdjie bly nie."

Franco Enslin , 8ste man , het 'n hele paar titels ontvang nl: Mees suksesvolste speler van die jaar aangekondig deur Dayan Van Der Westhuizen, Heino Bezuidenhout – Bloubulspeler het aangekondig dat Franco die talentvolste speler van die jaar is en haker Edgar Maruthulle het dat hy die beste voorspeler van 2018 se skole rugby is.



Foto : Anoniem— Franco en Kyle

# Dit wil gedoen word!

Duané Kitching

Die 7's eerstespan 2018 het baie goed gevaar in vanjaar se 7's seisoen. Uit agtien wedstryde het hulle slegs twee wedstryde verloor. Die eerstespan het bestaan uit paar 0/16 spelers asook 0/17 rugbymanne.

Hulle het deelgeneem aan die Valke toernooi by Hans Moore asook die Noordvaaltoernooi by Hoërskool Menlopark in Pretoria. Daar was sestien skole tydens die Hans Mooretoernooi, om slegs twee wedstryde te verloor – DIT WIL GEDOEN WORD! Volgens van die leerders was hul grootste kompetisie Hoërskool Monument – maar kompetisie maak jou kompetisie fiks!

Die lekkerste tyd volgens kaptein, Franco Enslin tydens beide hierdie toernooie was toe Jansen die Parkies op hulle tuisveld gewen het met 'n telling 21/0. Asook die wedstryd teen Waterkloof. Tydens hierdie wedstryd was hulle met halftyd 12/0 agter, maar in die laaste paar minute het Jansen gehandhaaf en gewen met 14 punte teenoor 12 punte. In die Valke toernooi het hulle eerste geeindig en stof in Transvalia se oë gehardloop. Hulle is tans tweede op die ranglys by Noorvaal – toernooi waar Hoërskool Monument bo aan die leer is.

Rugby ondersteuners moet hulle rooi, swart en ou goud truie afstof en reg maak vir die volgende paar jaar van Jansen rugby dit gaan beslis iets vir die boeke wees...

Mag volgende jaar nog blinker lyk – Monument ons kom vir jou.



Die eerste rugby span. Foto : Anoniem



Franco en Tristen Lombaard met die trofees

## Matriekafskeid 2018

JC Viljoen

Hoërskool Dr Eg Jansen se matriekafskeid was 'n aand om te onthou.
Die matriekafskeid is by Thabong Joy for the People gehou. Die aand was 'n reuse sukses te danke aan Juffrou Magda Scholtz.

Die matrieks het almal asemrowend gelyk, elkeen met hulle eie unieke styl en kar.

Die venue was verskriklik mooi opgemaak en alles was perfek, die matrieks het heel aand gedans en gelag tot dit tyd was vir die "after party".

Ons gaan elkeen van die matrieks mis en ons wens hulle net voorspoed vir die grootmenslewe wat op hulle wag.



## Ek stof my skoene af

Bernice Viljoen

Toe ek weer na my landloopfoto's kyk, het ek myself gevra wat hierdie sport vir my beteken het? Ek dink dadelik aan alles wat ek al bereik het. Van die dae waar my beste 'n 14de, 24ste of 40ste plek was. Waar daar vir my gesê was 'dit lyk asof jy op wolke hardloop' tot die dae waar ek aan Gautengkampioenskappe, skole SA's en klub SA's deelgeneem het. Alhoewel ek nooit 'n plek op die podium by hierdie byeenkomste behaal het nie, het dit my nog steeds nie gestop om my beste te gee nie.

Ek dink aan die dae waar ons net rondgespeel het by die oefening en niks ernstig opgevat het nie!

- Die dae waar jy nie lus is om te gaan oefen nie.

- Dae wat jy net wil begin huil in die middel van die oefening, want dit voel asof jy nie die oefening kan klaarmaak nie.

- Dae waar jy teleurgesteld gevoel het in jouself, omdat jy nie resultate sien nie.

- Dae wat jy nie die oefening kan voltooi nie, want jou bene kramp.

- Dae wat jy na die fisioterapeut toe gaan en sy sê vir jou om n week te rus, maar jy luister nie en op die einde van die dag word dit 2 weke.

- Dae wat jy jou dieët streng gevolg het sonder om te" cheat" al was jy hoe lus vir n stuk koek of sjokolade.

- Die dae waar jy op n 10 dae oefenkamp gegaan het, maar na die 3de dag nie eers meer soos n normale mens kon loop nie.

Ek het besef dat hierdie n talent is wat ek van die Here af ontvang het en dat ek besig is om my talent te begrawe. Ek het vandag besluit dat ek my hardlooptekkies weer vir n slag te gaan afstof, want in hierdie 9 jaar wat ek dit al doen, het ek besef dat dit na al die tyd net die begin vir my was.

Die volgende 'quote' lê diep in my hart! "Athletes: don't take the sport you play for granted. Everytime you play, you better be damn thankful that you get to do something you love. Don't show up to practice complaining about not wanting to be there; you're there hopefully because you love it. Work hard every moment. If you're not working hard, you don't deserve to play. Play every practice or game like it's your last because it very well could be. When you finally reach the day that you can't play, and you can only watch, then you will know how much you love something that you once took for granted!"




Foto : Actionpix tydens die interhoër.

## Jansen tref geluk in Ierland

Op 28 November 2019 vertrek E.G. Jansen se Toerspan uiteindelik na Dublin vir hul langverwagte rugbytoer gereel deur Travelsport. Mnr Johan du Toit, Reghard Botha, Dirk Odendaal, Rudie Dames en Mnr Anton Lubbe was die onderwysers wat die seuns vergesel het op die toer.

32 Seuns het Jansen se naam tydens die toer hoog gehou. Tydens die toer het die seuns 3 dae in Dublin, 2 dae in Waterfort en 2 dae in Limirick deurgebring.

Hulle het 3 wedstryde gespeel. Die 1ste wedstryd speel hul in koue weer met temperature van 4 grade teen Mullingar Football Club in Dublin en wen 60-5. Hulle het behoorlik gemors met St. Finton School en wen hulle 70-5. Hulle laaste wedstryd was teen Glenstal Abby die nommer een skool in Limiriek, die weersomstandighede was beslis 'n uitdaging, dit was baie koud en dit het gestortreën, beslis nie weer waaraan ons Jansies gewoond is. Hul verloor die wedstryd 13-3.

Hierdie seuns het beslis karakter gewys tydens die toer. Marco Venter is aangewys as Speler van die 1ste Wedstryd en Franco Enslin Speler van die 2de wedstryd. Franco Enslin was ook kaptein van die toerspan.

Op 7 Desember was die Jansies weer veilig terug in Suid-Afrika.

Ons sien uit na kookwater rugby in 2019.



## Ruiters in ROOI

Duané Kitching

Hoërskool Dr. EG Jansen het hul eie ruiters van die windjie. Jansen se rooiruiters het op 16 en 17 Junie aan die jaarlikse interskole-kompetisie te Kyalami deelgeneem. Die kompetisie word vier keer per jaar deur SANESA (South African National Equestrian Schools Association) aangebied. Een van ons leerlinge, Jae-Lee Enslin (graad 9), het 'n prys ontvang by die SANESA- Ekurhuleni Prysuitdeling omdat sy aan al vier SANESA- kompetisies deelgeneem het.

Jae-Lee ry al drie jaar perd en beskou perdry as 'n sport en 'n leefstyl nie net 'n 'stokperdjie' soos wat Jan Alleman dit noem nie. Jae-Lee en haar perd, Cruisa Cairo, was vir die Ekurhuleni A-span gekies. Haar liefde vir perdy het ontwikkel toe sy saam met een van haar vriendinne na hulle plaas toe gegaan het. Hier het sy dadelik besef dat perdry die sport vir haar is.

Werner Bouwer, aangewys as Jansen se beste ruiter het nog altyd 'n groot liefde vir diere gehad. Sy liefde vir perde het ontstaan die eerste keer toe hy 'n perd gesien het. Hy ry al vir vyftien jaar perd. Ek het hom gevra waarom juis perdry en nie 'n ander sport nie. Sy antwoord was soos volg: "Bal-sporte het gedagtes van sy eie en 'n mens kan nie 'n band tussen ruiter en perd kry in enige ander sportsoort nie. Dit bou 'n band wat niemand van jou kan wegneemr nie." Die sport is een van sy grootste passies en virseker ook 'n leefstyl waarvolgens hy lewe saam met sy perd Shake The Spear. Werner het hierdie jaar al 'n paar prestasies behaal. In September het hy sy Ekhuruleni –kleure vir perdry ontvang en is aangewys as deel van Ekurhuleni se Top 10 leerders waar hy 8ste op die ranglys is. Hy het ook sy Gauteng-kleure ontvang waar hy 9de uit die Top 10 ruiters van Gauteng aangewys is. Hy kwalifiseer vir SA's waar hy die volgende plekke by die Nasionale Kompetisie in Oktober behaal het: *Caprilli* (4de), *In- Hand* (7de), *Working riding* (9de) en *Performance riding* (12de). Sy span het algheel 'n 1ste plek op SA's ontvang vir *Caprilli* asook 'n 3de plek vir *Performance riding.*

Tydens die Gauteng Kampioenskappe was daar 1186 inskrywings vir die kompetisie waar slegs 428 ruiters deurgedring het na die finale. Ons is baie trots op Jae-Lee en Werner wat aan SA's deelgeneem het en deel van 36.08%, slegs 'n handjievol, ruiters was wat aan die Gauteng Kampioenskappe se finale rondte kon deelneem. Die skool het ook 'n bobaas ruiterspan wat 2de geëindig het.



Werner tydens die kampioenskappe




Jae-Lee wat haar prys by SANESA ontvang.

## Nuwe Jansieraad

